N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 42

16 Oktober 2022

‘n Skitterlewe – selfs in uitdagende tye

Ons word almal voor uitdagings gestel. Sommige uitdagings is lewensveranderend; ander is bloot moeilik om te bowe te kom. Daar is nie ‘n enkelvoudige antwoord vir gelowiges wat graag in oorwinning wil lewe nie. Karl Jung het gesê: “Many of the greatest and most fumdamental questions in life cannot be resolved, but they need to be outlived.”
Die antwoord lê dikwels in die krisis
Die geheim vir ‘n lewe in oorvloed word baie keer midde-in ‘n krisis ontdek. Wanneer ons gestroop van ons aardse sekuriteite agterkom dat die onveranderlike God steeds onwankelbaar in en by ons vertoef, breek ons makliker deur die skanse wat pyn en probleme om ons gees en siel wil bou.
Die voorbeeld van Daniël en sy vriende
In Dan 1 lees ons van die vier jongmanne, weggeruk uit hul tuisomgewing. Hulle moes in ‘n vreemde land sonder enige sekuriteit kies hoe hulle wou lewe. Hulle het‘n keuse vir léwe en verbete geloof in God gemaak. Hulle het met elke uidaging waarmee hulle gekonfronteer is, as ‘n geleentheid beskou om God te verheerlik.
Onverskrokke geloof
Wie en wat die vier bloedjong manne so diep in God geanker het, word nie met ons gedeel nie, maar hulle was onverskrokke in hul geloof; selfs toe hulle met die dood gekonfronteer is. Hulle kon in pynlike omstandighede met wysheid optree. Hulle was ook in staat om in ‘n dualistiese omgewing die regte keuses te bly maak. Toe hulle aan die Babiloniese kultuur en geskrifte blootgestel is, was hulle in staat om dit deur die lens van hulle geloofsoortuigings te beoordeel.
Dien met Godgegewe wysheid
In Dan 11:32 vind ons sy leuse: “Die wat in hulle God glo, sal sterk staan en doen wat reg is.” Daniël se verhouding met God het hom in staat gestel om een dinastie na die ander met Godgegewe wysheid te bedien. Hy het altyd relevant en in aanvraag gebly, want hy het slegs deurgegee wat God aan hom geopenbaar het.
Skitterende sterre wat ander seen
Hou met verbete gehoorsaamheid vas aan God en Sy Woord in ‘n wêreld wat verkrummel as gevolg van gebroke sisteme en ontoereikende waardes. Dan sal jy tot seën bly vir jou mense en omgewing. Daniël beskryf diesulkes as volg: “Hulle wat ander leer, sal skitter soos die naghemel. Hulle wat baie mense lei om regverdig te word, sal vir ewig en altyd soos sterre skyn.” Dan 12:3 (NLV) Die geheim is om nie op ons omstandighede te fokus nie, maar op ons God. – Dr Elza Meyer

Dankie!

Saam met die Here is ‘n skitterlewe moontlik!
Dat die Gees van Lig en Lewe in ons woon!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – vir die voorbereiding van eksamens wat voorlê .
- Vir reën oor ons land.

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Janine Vorster
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Ria Putter
- Johan Kotzé
- Tannie Marinda Jordaan
- Hanna Pienaar.
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Lilian van Zyl
- Oom Hannes Stolz
- Marné Barkhauzen.
- Corrie Botha
- Heleen Lamont
- Susan van Zyl
- Jaap Naudé
- Juan Strijdom
- Martie van Staden
- Jaco Steenkamp
- Philip de Jager
- Tannie Bets Coetzee
- Lucinda Graaff
- Ina van der Merwe
- Louis Strauss
- Wally Fourie
- Oom Eberhard Carshagen
- Lettie Bezuidenhout
- Jan-Harm Pretorius

Gedagte vir die week

Mense van God is hulle wat deur die donker wêreld stap – en in hulleself ‘n Lig dra.
Feliz Adler

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org